1000
DAE

# ‘n VAKANSIEHUIS

Daar is ‘n plek in die Weskus waar jy en jou mense welkom is om te kom slaap.

Hier is oorgenoeg... Oorgenoeg rus, oorgenoeg stilte, oorgenoeg sand en oorgenoeg van alles wat goed is vir die binneste van jou kop, hart en are...

Die Weskus is daai plek waar die Son die Lekkerste vir laaste los. Happie vir happie.

Kom geniet 1000DAE.


Lekke by die see...

# HOE LYK HIERDIE HUIS

Die goeters en dinge in hierdie huis sal nie ontplof as jy daarna kyk nie. Hierdie huis is daar sodat mense daarin kan lééf!

Hier by 1000Dae is die Weskus te sien buite en binne. Die Weskus het ‘n eiesoortige gevoel en jy voel hom hier...



Castrol

ek
sonder 'n
dit is laat
ma-hulle slaap
ek
moes





# PADLANGS ÓF SEËLANGS

1000Dae is uniek in die sin dat dit vir vakansiegangers die opsie bied om net die helfte van die huis te neem...

Padlangs is die boonste vloer en Seëlangs die onderste vloer. Beide opsies (4 kamers elk met en-suite badkamers) beskik oor 'n braai-area, kombuis en leefvertrekke.

Die huis kan natuurlik ook in geheel bespreek word.






# DIE KAMERS

Daar is ‘n plek in die Weskus waar jy en jou mense welkom is om te kom slaap.

Hier is oorgenoeg... Oorgenoeg rus, oorgenoeg stilte, oorgenoeg sand en oorgenoeg van alles wat goed is vir die binneste van jou kop, hart en are...

Die Weskus is daai plek waar die Son die Lekkerste vir laaste los. Happie vir happie.

Kom geniet 1000DAE



# YZERFONTEIN

G'n wonder hulle gooi daai sementblokke daar in die see nie, want jy wil by Yzerfontein dalk sommer die see-in van opgenwondenheid...

Toemaar, kom kalmeer by 1000Dae se kamer genaamd Yzerfontein. Deel van Seëlangs.



# TIETIESBAAI

By Tieitiesbaai word tot die oermens binne jou ook stil.

‘n Eienaardige plek waar goeters op rotse groei.

Mooi.

Tietiesbaai is deel van Seëlangs.



# LANGEBAAN

G’n wonder hulle gooi daai sementblokke daar in die see nie, want jy wil by Yzerfontein dalk sommer die see-in van opgenwondenheid...

Toemaar, kom kalmeer by 1000Dae se kamer genaamd Yzerfontein.



# DWARSKERSBOS

Dwarskersbos  is ‘n magiese plek waar dit lyk asof vreemde vrouens heel nag om vure kan dans...

As jy by 1000Dae kom slaap kan jy ook eers die heel nag om vure dans...



# JACOBSBAAI

Geen wonder mense kom hierheen om te kom wegkruip nie...

My mens, by die Jacobsbaai kamer in 1000DAE sal hulle jou nooit kry nie. Nie in jou lyf nie en nie in jou kop nie...



# KAAPSTAD

Vat nou die 126km uit Kaapstad hierheen. Om die oopad te ry was nog nooit so lekker soos die ooppad 1000Dae toe nie!

Soos al die Kamers het Kaapstad by 1000Dae sy eie badkamer en kleinhuisie.kop, hart en are...



# PATERNOSTER

Paternoster is soveel "Weskus" as die Weskus self...

Kom hierheen as jy wil rustig raak

.

Die Paternoster kamer by 1000Dae is deel van Padlangs



# SALDANHA

Die visstokke teen die mure maak jou dalk sommer lus om hom deur die venster die see in te gooi...

Dis ook reg so a(a)s jy sou wou.



082 928 7946
info@1000dae.co.za
www.1000dae.co.za

Casos Road Nr. 10, CalypsoBeach, Langebaan,
Western Cape, South Africa.

-33° 3.089’, 18° 2.607’

1000Dae @1000Dae